Algemene Inligting

Laerskool Dirkie Uys
Reservoirstraat
MOORREESBURG
7310

Tel. 022-4331082
Faks: 022-4333704
Epos: ldu-admin@telkomsa.net
ldu-finan@telkomsa.net
ldu-hoof@telkomsa.net
ldu-sport@pcnetmail.co.za

Skoolure:

Gr. R	:	07:30 – 12:30
Gr. 1 – Gr. 2	:	07:30 – 12:30
Gr. 3	:	07:30 – 13:00
Gr. 4 – Gr. 7	:	07:30 – 14:00

Kantoorure: Admin: 07:30 - 15:00
Finansies: 07:30 - 13:15

Akademie

Algemeen:

- ❖ Onderrig in Afrikaans.
- ❖ Baie hoë standaarde word in klasse gehandhaaf.
- ❖ Ons poog om klasse so klein as moontlik te hou.
- ❖ Alle leerkragte beskik oor uitstekende professionele kwalifikasies.

Kurrikulum:

Grondslagfase: Gr. R – 3

Leerareas:

- Bybelonderrig
- Geletterdheid: Afrikaans Huistaal; Engels 1ste Addisionele taal
- Gesyferdheid
- Lewensvaardigheid
- Rekenaarvaardigheid

Intermediêre Fase: Gr. 4 – 6

Leerareas:

- ➢ Bybelonderrig
- ➢ Afrikaans – 1ste taal
- ➢ Engels – 2de taal
- ➢ Wiskunde
- ➢ NWT – Natuurwetenskap & Tegnologie
- ➢ Geskiedenis
- ➢ Aardrykskunde
- ➢ Lewensvaardighede

➢ Rekenaarvaardigheid

Senior Fase: Gr. 7

Leerareas:

- Bybelonderrig
- Afrikaans 1ste taal
- Engels 2de taal
- Wiskunde
- NW – Natuurwetenskap
- TEG – Tegnologie
- MSW – Menslike- en Sosiale Wetenskap
- EBW – Ekonomiese Bestuurswetenskap
- KK – Kuns en Kultuur — Drama, Kuns, Musiek, Sang
- LO – Lewensoriëntering
- Rekenaarvaardigheid

Leerondersteuning: Gr. R – 3

⌘ Leerarea gerig (Gesyferdheid & Geletterdheid)

⌘ Audioblox

OLSO Eenheidsklas: Laerskool Dirkie Uys beskik oor ‘n OLSO Eenheidsklas wat deur Wes-Kaap Onderwys Departement bestuur word. Rig navrae aan die Skoolhoof.

Leerder van die week:

★ Gr. 1 – 7

★ Aan die einde van elke week word ‘n leerder aangewys as die “leerder van die week” en ontvang Maandae gedurende saal ‘n “Leerder van

die Week" balkie – wat die leerder gedurende daardie week dra.

Top 20: Aan die einde van elke kwartaal word die Top 20 leerders ('n minimum van 70% moet behaal word) van Gr. 4 - 7 erkenning gegee (sertifikaat).

Sportseun/dogter: Elke Maandag gedurende saal ontvang die sportmeisie en sportseun van die vorige week se sport, 'n geborgde T-hemp of sertifikaat.

Olimpiades:

* Jaarliks word die Amesa Wiskunde olimpiade geskryf (Gr. 4 – 7) Heelwat leerders presteer.
* "Living Maths" uitdaging word deur Gr. R – 7 geskryf.
* Driekamp eksamen – Gr. 7 (Afr., Eng. & Wisk.)

Assessering en Verslaggewing: Leerders word deurlopend geassesseer sodat die klem op prosesevaluering eerder as op produkevaluering gelê word.
Prosesevaluering verwys na die leerder se beheersing van nuwe konsepte wat aangeleer is of wat op daardie stadium van hom/haar verwag word om te kan beheers.
Dit word gereeld, voortdurend of deurlopend tydens die klasperiode gedoen.
Produkevaluering verwys na dit wat 'n leerder tydens 'n eksamen onthou van alles wat hy/sy geleer het.

Verslag van die leerder se vordering word gedurende Maart, Junie, September en Desember aan die ouer gestuur wat dit bestudeer, onderteken en na die skool terug stuur. Oueraande word gereël sodat ouers

hul kinders se vordering met die onderskeie onderwysers kan bespreek.

Gr. 7 Prysuitdeling: Elke jaar word daar erkenning aan die Gr. 7's gegee wat op akademiese-, sport- en kultuurgebied presteer het. Vir elke leerarea is daar 'n prys vir die leerder wat die hoogste gemiddelde punt daardie jaar behaal het (geldprys). Sportprestasies kry ook erkenning (trofeë). So ook op kultuurgebied (geldprys).

Kultuur

Kore:

Junior Koor	Gr. 1 – 3
Senior Koor	Gr. 4 – 7

Die kore tree gereeld op. Hulle handhaaf 'n hoë standaard. Behalwe die Eisteddfod deelname, tree hulle ook gereeld op by eredienste, die Kunstekaap, die Vrouediens, die Lions se funksies, Spier Landgoed, by bejaardes en enige ander instansie of geleentheid wat hulle nooi.

Kuns: Deelname aan kompetisies soos die Lions se Internasionale Vredeskompetisies, die SAP, Sanlam, Eisteddfod. Kuns is deel van Kuns en Kultuur waar hul skeppende vermoëns gestimuleer word.

Kunstenaars wat optree: Elke jaar tree 'n bekende kunstenaar hier op. Dit dien as 'n fondsinsamelingsprojek, maar die skool en dorp word ook hierdeur bemark.

Skoolkonsert: Die skool beskik oor 'n goed toegeruste konsertkamer.

Leerders neem jaarliks deel aan ‘n konsert vir die ouers en die gemeenskap. Dit het al ‘n jaarlikse instelling geword wat niemand ooit wil misloop nie. Die onderwysers wys ook graag hul slag op die verhoog tot groot vermaak van die gehoor.

Musiekskool: DUMA (Dirkie Uys Musiek Akademie) bied aan leerders van Moorreesburg die geleentheid om musiek teen bekostigbare tariewe te neem. Lesse word in ‘n pragtige ou huis op Hoërskool Dirkie Uys se skoolgronde aangebied.
DUMA bied tans Klavier, Viool, Blokfluit, Dromme en Kitaar aan met die voorneme om hierdie opsies in die toekoms uit te brei. Leerders kan alreeds betrokke raak by orkeste en ensembles en word ingeskryf vir Eisteddfods en eksamens soos Unisa en Trinity.

Klank: Leerders word opgelei in hantering van klankstelsels. Dit maak rigtings vir sommige leerders oop.

Uitstappies: Elke graad onderneem ‘n minimum van 2 uitstappies per jaar. Hierdie is opvoedkundig sowel as prettig.

AFRIKAANS uitstappies: Die gr. 6 – Afrikaansklasse doen jaarliks 3 dag uitstappies om die taal lewendig aan te bied:

- Taalmonument, Taalmuseum, en “Butterfly World”.
- Riebeek-berg, Genl. Smuts-geboortehuis, Wynkelder-werking, Olyfplaas & verwerking van olywe.
- Fietsry na Rollermeule en praatjies oor koring & verwerking.

Biblioteek: Leerders kry geleentheid om boeke by die skool se Biblioteek uit te neem gedurende klastye. Die Biblioteek is ook 2 keer ‘n week in die namiddae oop vir naslaanwerk en boeke omruil.

Sokkie/fliek: Georganiseerde sokkie/fliekaande word in die skoolsaal aangebied met streng Onderwysertoesig.

Gr. 5 – Buiteskool: Die Gr. 5 klasse besoek elke jaar die see of berg vir 3 dae om die ekologie te bestudeer!

Gr. 6 – Skool op Safari: Die Gr. 6'e besoek die buitelugskool by Villiersdorp. Dit is elke jaar 'n belewenis.

Gr. 7: Die Gr.7's gaan jaarliks op 'n weeklange studiebesoek na die Burgerstrandhuis in Muizenberg. Vir die meeste leerders is dit die hoogtepunt van hul Laerskooldae.

Lenteloop: Lentedag word gevier met 'n lenteloop in die natuur vir die leerders sowel as die ouers en personeel.

Skou deelname: Deelname aan blommerangskikking, koekversier, kuns ens. word sterk aangemoedig. Die skool neem ook man en muis deel aan 'n massavertoning in die hoofarena. Seuns en dogters neem deel aan die Jeugskou, waar hul die geleentheid kry om hul vaardighede met die hantering van skape en beeste te wys. LDU het al verteenwoordigers in die Wes-Kaapspan gehad wat aan die SA Kampioenskappe deelgeneem het.

Leierskap: 'n Uitstekende stelsel, waar elke Gr. 7 leerder die kans kry om sy leierskap te bewys, is hier in werking. Aan die einde van Gr. 6 ontvang al die leerders opleiding in leierskapvaardighede. Na die eerste kwartaal in Gr. 7 word 20 leiers demokraties aangewys vir die res van die betrokke jaar.

Entrepreneurs: Gr. 4 – 7 leerders kry die geleentheid om twee keer per maand op Vrydae met markdae hul entrepreneuriese vaardighede te ontwikkel. Hulle kan dan, volgens voorgeskrewe reëls, hul eie produkte of artikels verkoop.

Sport

Atletiek:

Alle ouderdomsgroepe
Oefendae: Maandae en Woensdae
Deelname aan verskeie byeenkomste o.a. Kleure-atletiekbyeenkoms, Hoër- en Laerskool byeenkoms, Top 12 byeenkomste, Top 20 byeenkoms asook Boland byeenkoms en SA Kampioenskappe.
LDU lewer jaarliks Wes-Boland en Boland atlete op en is ook verskeie kere verteenwoordig by die SA byeenkoms.

Krieket:

◎ 0/11 en 0/13
◎ Oefendae: Maandae en Woensdae
◎ Ligawedstryde gedurende die week.
◎ Toernooie op uitnodiging.
◎ LDU lewer jaarliks Wes-Boland en Boland spelers op.

Mini-Krieket:

- 0/7, 0/8 & 0/9
- Oefendae: Maandae en Woensdae
- Ligawedstryde gedurende die week.
- Deelname aan toernooie gedurende eerste- en laaste kwartaal op Saterdae.

Swem:

Oefendae: Maandae en Woensdae
Beginners: Leerders wat ten minste water veilig is.
Gevorderd: Die aanleer van korrekte swemslae.
Swemspan: Swemmers wat aan galas deelneem.
Jaarlikse deelname aan:
Georganiseerde swemgalas en Boland proewe
Aanbied van: Kleuregala, uitnodigingsgala, swemmarathon.

Tennis:

Beginnersgroepe: Gr. 1, 2 en 3
Gevorderde groepe: Gr. 4 tot 7
Wedstrydgroep
Oefendae: Dinsdae en Donderdae
Wedstryddae: Donderdag
LDU lewer jaarlikse Wes-Boland en Boland spelers op en het ookal S.A. spelers opgelewer.
Toernooie word bygewoon.

Rugby:

- 0/7 tot 0/13
- Oefendae: Dinsdae en Donderdae
- Ligawedstryde gedurende die week.
- Interskole @ Welgemoed Laerskool
- Verskeie sportdae word bygewoon
- LDU lewer jaarlikse Wes-Boland en Boland spelers op.
- Seisoen word jaarliks afgesluit met ‘n toer na die Suid-Kaap vir die 0/13A span.

Netbal:

0/7 tot 0/13
Oefendae: Dinsdae en Donderdae
Ligawedstryde gedurende die week.
Interskole @ Welgemoed Laerskool
Verskeie sportdae word bygewoon
LDU lewer jaarliks Wes-Boland, Boland asook Wes-Kaapspelers op.

Seisoen word jaarliks afgesluit met ‘n toer na die Suid-Kaap vir die 0/13A span.

Hokkie:

0/8 – 0/13 Seuns en Dogters
Oefendae: Maandae en Woensdae
Beginners, Gr. R’s en 0/7’s: Beoefen balvaardighede wat ook in ander balsporte toegepas kan word.
Deelname: Georganiseerde hokkiedae, vriend-skaplike wedstryde (tuis sowel as weg) en Boland proewe
LDU hokkietoernooi word aangebied
Toer vir 0/10 - 0/13 spelers
Seisoen word jaarliks afgesluit met ‘n toer na die Suid-Kaap vir 0/13 Seuns en Dogters.
Lewer Boland 0/13 speler op.

Skaak:

- Oefendae: Dinsdae
- Beginnergroep
- Gevorderde groep
- Wedstrydspan
- Toernooie word gereeld bygewoon en ook aangebied.
- LDU lewer jaarliks Wes-Boland en Boland spelers op.

Karate:

- Oefendae: Vrydae
- Professionele afrigting deur Sensei Jean Steyn

Ballet:

Oefendae: Vrydae
Beginnergroep
Juniorgroep
Seniorgroep
Jaarliks word RAD Balleteksamens afgelê.
Kontakpersoon: Me. Adéle Immelman

Koshuise

Huis Môrelig Seunskoshuis / Huis Botha Meisiekoshuis

Plattelandse, huislike atmosfeer

Netjies toegeruste kamers, badkamers

Gebalanseerde maaltye

Groot, ruim studielokaal

Vasgestelde studietye

Studiehulp en –toesig

Laerskool : ondersteuning met tuiswerk

Rekenaarfasiliteite

Stapafstand van Hoër- en Laerskool, dorp en sportvelde

Bekostigbare tariewe per kwartaal per leerder vir 2016:

Huis Môrelig : R3 500

Huis Botha : R3 790

Groot speelgrasperk

Sokkieaande / sosiale geleenthede saam met seuns/dogters

TV / Video / DVD en ontspanningsgeriewe

Snoeker & Tafeltennis by seunskoshuis

Toegeruste gimnasium vir seuns

Uitstappies na Kaapstad

HUIS BOTHA

Tariewe 2016: R3 790 per leerder per kwartaal.

Betaalbaar binne eerste 7 dae van nuwe kwartaal.

of 10 Betalings van R1 516 elk – Jan. tot Okt. 2016.

HUIS MôRELIG

Tariewe 2016: R3 500 per leerder per kwartaal.

Betaalbaar binne eerste 7 dae van nuwe kwartaal.

of 10 Betalings van R1 400 elk – Jan. tot Okt. 2016.

R200 deposito vir breekskade moet onmiddellik betaal word by inname van alle **nuwe leerders - verpligtend**

Aansoek kan vir ‘n Losiesbeurs by WKOD gedoen word. Slegs persone met lae inkomste kan hiervoor kwalifiseer. Leerders **moet** ook hul naaste skool bywoon. **Niemand** ontvang ‘n beurs vir die volle losiesbedrag nie, ouers bly verantwoordelik vir die ouerbydrae.

Telefoon nr’s: Huis Môrelig Seunskoshuis: (022) 433-1275 (Tel./Faks)
Superintendent: Mnr. A. Truter – (022) 433-1062
082- 326- 4228

Huis Botha Meisiekoshuis: (022) 433-1219 (Tel.)
(022) 433-1322 (Faks)
Superintendent: Me. Jana Strydom – (022) 433-1219
073- 417- 0771